# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**Augustus 2017**
Jaargang 33 Nr 3




## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Skrifoordenking - Verlos van Bose - Dirk Laufs
3. Nuus uit die gemeente - Kitty van der Walt
4. In Herinnering
   Baby Erasmus
   Lenie Meyer
5. Church Attendance - In gestuur deur Neville Boy
6. Spoghoekie – Daleen Venter
7. Maak jou potloode skerp - Jaco Venter
8. Verslag van Diakonie – Dirk Coetzee
9. Het ek van God 'n afgod gemaak? - Daleen Venter
10. Toerusting – Huisbesoek - Hantering van gemeentelede
11. Terugvoer Knysna brand - Hannes Vorster
12. Godsdiens in skole – Cassie Aucamp
13. Gereformeerde Kerk Ysterberg – Tjaart Coetzee
14. Brood in 'n Koppie - Erica Erasmus
15. Vou 'n papiervliegtuigie - Erica Erasmus
16. Het jy geweet? – Visitasie – Admin Buro

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

# Redaksioneel

**Met Augustus maand aan ons voete loop die jaar nou afdraand. Met die nuwe seisoen wat voor ons deur lê, lê daar weer nuwe hoop. Ek wil graag met julle die woorde van Jo Black se lied: "Bring die Hoop weer terug " deel. Mag elke een van ons se nuwe seisoen gevul wees met HOOP.**

**Hoop, wat is hoop?**

**Dit is die wens dat die son weer opkom**

**Hoop, wat is hoop?**

**Dis dat vrede by ons uit kom**

**Hoop, dis die samesyn voor 'n wêreldbeker eindstryd**

**Hoop, dis die taal van 'n hart**

**Dis die gees van 'n man wat uitskree**

**BRING DIE HOOP WEER TERUG**

**Daar is n oorlog hier binne my**

**Dis vir jou wat teen jouself baklei**

**Ek sê vir jou, jy is goed genoeg**

**So, bring die hoop weer terug**

**Jy's die lig in die donker gang**

**Jy's die baken wat op die heuwel staan**

**Ek sien die mens wat jy nog kan wees**

**So bring die hoop weer terug**

**Hoop, wat is hoop?**



**Dis as ons harte na mense terugdraai**

**Hoop, wat is hoop?**

**As jy struikel sal jy weer opstaan**

**Hoop, wees die hoop**

**Steek jou hande uit na mekaar**

**Hoop, dis 'n stem wat sê:**

**As jy moeg is sal ek jou dra**

**BRING DIE HOOP WEER TERUG**

**Daar's 'n oorlog hier binne my**

**Dis vir jou wat teen jouself baklei**

**Ek sê vir jou, jy is goed genoeg**

**So, bring die hoop weer terug**

**Jy's die lig in die donker gang**

**Jy's die baken wat op die heuwel staan**

**Ek sien die mens wat jy nog kan wees**

**So, bring die hoop weer terug**

**So, bring die hoop weer terug**

**So, bring die hoop weer terug**

**Groete**

**Die Redaksie**

Daleen Venter

**VERLOS ONS VAN DIE BOSE**

**Lees : Matteus 4 : 1 - 11 en Jakobus 1 : 12 -15**

**TEKS - Matteus 6 vers 13 : "...en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose"**

**DIE HERE KAN ONS WEL IN VERSOEKING LEI (LAAT KOM)**

Self "**versoek**" ons Here ons egter nooit nie! Hy wil dit nie en sal dit ook nooit doen nie, want dit is alleen die duiwel wat versoek (naamlik afbreek en verwoes). Ons Vader kan ons wel in versoeking "**lei**" (laat kom) sodat die duiwel kan "**versoek**" soos dit duidelik blyk met Jesus se versoeking deur die duiwel in die woestyn: " Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in **gelei** om deur deur **die duiwel** versoek te word" (Matt 4 : 1). Hier het Jesus egter deur Sy oorwinning oor die satan se versoeking, vir ons die weg gebaan om ook staande te kan bly te midde van die satan se versoeking; naamlik slegs in volledige verbintenis aan Hom en met die Woord as wapen (Jesus gebruik die WOORD om die satan die aftog te laat blaas)! Wat egter onwrikbaar waar bly vir alle tye, is dat die satan se "versoeking" ALTYD aan God se almag onderworpe bly en dat HY dit slegs as **beproewing** vir ons – Sy kinders – se geloof gebruik om ons sterker te maak en op te bou! (Nie af te breek en te verswak nie!). Al is die satan/duiwel ookal hoe magtig, hy kan niks teen God se almag uitrig nie.

**DIE BOSE IS 'N FORMIDABELE PERSOON WAT NOOIT ONDERSKAT MAG WORD NIE**

Die satan is 'n **persoon...**nie maar slegs 'n vae en ongeidentifiseerde "mag" wat so half êrens in die lug rond sweef en nou "darem werklik nie te gevaarlik kan wees nie". Hy is en bly die mensemoordenaar van die begin af en bly ook die vader van die leuen. Hy is NET sleg...deur-en-deur en sal NOOIT ophou om die Here en Sy kinders soos 'n brullende leeu - tot Jesus se wederkoms - te bly beveg nie. Jesus gebruik hier die woord "Bose" wat veel meer inhou as net die satan as persoon : dit sluit ook die satan/duiwel se twee veggeneraals in



naamlik "die wêreld" EN "ons eie vleeslike gesindheid". Die wêreldse gesindheid is en bly die innerlike doodsheid wat die wêreld van die begin af teenoor God openbaar het en wat uitgeloop het op die enigste wat hulle vir ons Here kon bied naamlik die **dood** aan die kruis...en nog elke oomblik probeer om dieselfde geloofs-doodsheid in die harte van die gelowiges te bewerkstellig. Daarom is die uitkoms van hierdie gebed (teksvers) vir ons so lewensbelangrik en noodsaaklik, want dit beteken niks anders nie as : "Ag Here, ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande (die duiwel, die wêreld en ons eie natuur) nooit op om ons aan te val nie. Wil ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk sodat ons teen hulle sterk teëstand kan bly bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie totdat ons eindelik die oorwinning volkome sal behaal".

**DIT IS EGTER GEEN VERLORE STRYD NIE**

Ons is nie uitgelewer aan 'n onafwendbare "lot" nie : ons is in teendeel volkome toegerus vir 'n daadkragtige oorwinning! In hierdie deurlopende lewenslange geveg is ons as verloste gelowiges van die oorwinning in Christus gewaarborg, maar die stryd bly ons s'n en hierdie stryd dan deur middel van die gebed soos in die teksvers voorkom.

Ds. Dirk Laufs

Emeritus : Thabazimbi (Julie 2014)



# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*



- **Petrus Smit** 80 jaar - **27 Augustus**
- **Peet du Plessis** 89 jaar -**28 Augustus**
- **Lenie Grobler** 84 jaar - **9 September**
- **Midge van Heerden** 83 jaar -**12 September**
- **Anna Venter** 87 jaar -**18 September**
- **Neels Kramer** 82 jaar - **30 September**
- **Nico Venter** 86 jaar - **13 Oktober**
- **Boet de Wet** 83 jaar - **16 Oktober**
- **Annatjie Engelbrecht** 85 jaar -**16 Oktober**
- **Baby Prinsloo** 83 jaar - **1 November**
- **Florence van Dyk** 81 jaar - **6 November**
- **Pieter Steyn** 80 jaar - **13 November**

*Mag u elke dag in u nuwe lewensjaar God se seën vol van genade, gesondheid, geluk en vrede ervaar.*

## *Attestate*

### *Hartlik welkom aan nuwe intrekkers*



***Opgeneem***


- Sr. Surina Cilliers gebore Le Roux, wyk Tambotie-Wes.
- Sr. Hester Maria (noem Ria) Fourie gebore Gouws, wyk Leeupoort.



## ***In Herinnering***

***Catharina Magdalena Johanna (Baby) Erasmus***

***21/09/1927 – 01/07/2017***




My Ma is op 1 Julie 2017 oorlede. Alhoewel sy 'n vrolike geaardheid gehad het, het sy die laaste ruk baie swaar gekry en baie pyn gehad. Sy was 'n baie netjiese mens, en soos ek deur haar goedjies gegaan het, was ek verstom hoe alles netjies in Ziplock sakkies gebêre was. Sy het van kleins af aan kunswedstryde deelgeneem want sy het 'n pragtige sopraan stem gehad. Rus in vrede liefste Mammie, jy is nou pynloos en gelukkig by ons Hemelse Vader. Ons sal die ou grappies altyd mis.

Jou dogter Esmè

Ouma Baby se kinders en kleinkinders was baie erg oor haar want sy was 'n lekkergoed en troetelnaampie ouma. Elke een het 'n ander naampie as hul doop naampie gehad. Sy laat 2 kinders , 4 kleinkinders en 5 agterkleinkinders na. Kinders: Noenoe (Lenanie), Lenie (Joleen), Boeta (Louwrens). Richie (Richard), Herman en Liana. Kleinkinders: Blou ogies (Leanè) Skerp ogies (Danielle) Kallie (Karla) Krulkoppie (Clarissa) en Bulletjie (Christian). Almal was baie beskermend teenoor Ouma as gevolg van haar pyn.

## *Helena Dorathea (Lenie) Meyer*

***21/11/1952 - 15/07/2017***



Lenie het opgegroei op Halweghuis (Midrand) en was die jongste van 9 kinders: 5 broers en 4 susters. Sy tree op 11/8/1973 in die huwelik (dubbel troue saam met haar suster Elsie Janse van Vuuren by wie sy gebly het in Thabazimbi), hulle was baie na aan mekaar.

Sy was baie lief vir haar kinders en kleinkinders, en het soveel gedoen vir ons wat woorde nie kan beskryf nie – haar liefde vir die Here in ons harte gelê van kleins af. Haar dade het altyd getuig van haar liefde vir God en vir haar medemens.

Haar geliefste bybelverse was Psalm 16 : 5-6: *"Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja wat ek ontvang het is vir my mooi."* 2 Kor 12 : 9: *"U genade is vir my genoeg."*

Sy was ons geliefde moeder en suster. Sy laat na: 2 dogters, Marie en Thea (Kanada), 2 skoonseuns en 4 kleindogters. Haar plekkie is leeg en sy word baie gemis, maar ons gun haar elke oomblik van vreugde en rus by die voete van Jesus, sy is veilig tuis!

Dankie vir almal se ondersteuning in die moeilike tyd.

Marie Steenhuisen



## Church attendance

Lloyd-Jones


There can be no doubt whatsoever that all the troubles in the Church to-day, and most of the troubles in the world, are due to a departure from the authority of the Bible. And, alas, it was the Church herself that led in the so-called Higher Criticism that came from Germany just over a hundred years ago. Human philosophy took the place of revelation, man's opinions were exalted and Church leaders talked about 'the advance of knowledge and science', and 'the assured results' of such knowledge. The Bible then became a book just like any other book, out-of-date in certain respects, wrong in other respects, and so on. It was no longer a book on which you could rely implicitly.

There is no question at all that the falling away, even in Church attendance, in this country is the direct consequence of the Higher Criticism. The man in the street says, 'What do these Christians know? It is only their opinion, they are just perpetrating something that the real thinkers and scientists have long since seen through and have stopped considering'. Such is the attitude of the man in the street! He does not listen any longer, he has lost all interest. The whole situation is one of drift; and very largely, I say, it is the direct and immediate outcome of the doubt that has been cast by the Church herself upon her only real authority. Men's opinions have taken the place of God's truth, and the people in their need are turning to the cults, and are listening to any false authority that offers itself to them.

We all therefore have to face this ultimate and final question: Do we accept the Bible as the Word of God, as the sole authority in all matters of faith and practice, or do we not? Is the whole of my thinking governed by Scripture, or do I come with my reason and pick and choose out of Scripture and sit in judgment upon it, putting myself and modern knowledge forward as the ultimate standard and authority? The issue is crystal clear. Do I accept Scripture as a revelation from God, or do I trust to speculation, human knowledge, human learning, human understanding and human reasons Or,

putting it still more simply, Do I pin my faith to, and subject all my thinking to, what I read in the Bible? Or do I defer to modern knowledge, to modern learning, to what people think today, to what we know at this present time which was not known in the past? It is inevitable that we occupy one or the other of those two positions.

The Protestant position, as was the position of the early Church in the first centuries, is that the Bible is the Word of God. Not that it 'contains' it, but that it is the Word of God, uniquely inspired and inerrant. The Protestant Reformers believed not only that the Bible contained the revelation of God's truth to men, but that God safeguarded the truth by controlling the men who wrote it by the Holy Spirit, and that He kept them from error and from blemishes and from anything that was wrong. That is the traditional Protestant position, and the moment we abandon it we have already started on the road that leads back to one of the false authorities, and probably ultimately to Rome itself. In the last analysis it is the only alternative.






# Spoghoekie

Vandag wil ek graag prettige en wyse sê goed wat my kinders oor die jare gesê het deel. Ek glo God leer ons dikwels deur kinders se wysheid.

Een aand toe ek Andries in die bed sit sê hy effens ernstig vir my:

"Mamma ek weet hoekom het God nie vir ons *superpowers* gegee nie." As ons *superpowers* gehad het dan sou ons liewer vir onsself gewees het as vir God." Andries 10jr oud

Johan se kat lê by hom op die bed. Ek sê vir hom dat sy darem so lief is vir haar baas. In die aande as ek by hom inloer dan kyk sy my aan asof sy sê: "Dit is my baas ek sal hom oppas." Johan sê: Sy is eerder my baas. Ek moet vir haar kos gee en sy miaau as sy aandag soek en kos soek en water soek en sy lê oor my hele kussing. Ek is die slaaf en sy is die baas!! Johan 7jr oud.

Die Manne is mos so in die kar dinge in. Ons ry verby 'n opgeboude 4x4 bakkie en Johan pluk aan sy boetie: "Boetie kyk daar is 'n Gespensde bakkie." (Geligte suspensie)

Andries was 3jr oud toe roep hy my om die "Verstopte" diere te kom kyk. (Opgestopte)

Ek is besig om te pak en het die foto rame met "dubbel sided tape" geplak teen die muur…toe ek dit afhaal kom die pleister af. Jaco vra: Wat gaan ons nou doen? Johan sê: Dit is maklik ons sê vir die mense hulle moet hul geraamtes hier opsit. Ek en Jaco kyk verdwaas na hom."Geraamtes?" Ja Mamma met hul foto's in." (Foto rame)

# Maak jou potlood skerp 

Jaco Venter

<u>Vra is Vry</u>

Wat het die seekat vir sy meisie in die bioskoop gesê?

**Vat my hand , hand , hand , hand, hand , hand , hand, hand , hand.**

Waar kry miere al hulle kennis vandaan?

**Van die insek-lopedie**

Wat kry jy as jy 'n bees met 'n ystervark kruis?

**Biefstuk met ingeboude sosatie stokkies**

Wat is 'n outobiografie?

**Die geskiedenis van die motorkar**

Wat is teenoorgestelde hoeke?

**Die hoeke wat vir mekaar kyk.**

Wat is die teenoorgestelde van vreedsaam?

**Vreet alleen.**

Hoe klim 'n mens van 'n Kameel af?

**Baie versigtig**



## DIAKONIE

Die Diakonie het 'n spesifieke taak in 'n gemeente naamlik om die liefde van God sigbaar te maak aan alle mense. Dit kan gedoen word met 'n glimlag, 'n besoek, 'n oproep of hulp van welke aard ook al. Die tradisionele opvatting is dat die Diakonie finansiële hulp aan behoewendes gee, maar uit die skrif en die bevestigings formulier leer ons dat dit maar slegs 'n gedeelte van die Diakonie se taak is.

Die hoof opdrag aan die Diakonie is om die gemeente in staat te stel om liefde aan mekaar te bewys, mekaar te ondersteun en "die gemeente as een gemeenskap in Christus te laat lewe" en "aan almal goed doen", sodat "die liefde van Christus op hierdie wyse openbaar word" en "sorg te dra dat nie een van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie".

As lidmate van die gemeente weet ons dat ons taak vanuit die Skrif dieselfde is as God se opdrag aan die Diakonie. Die Diakonie is daargestel om toe te sien dat die gemeente self die Diakonale opdrag uitleef en uiting gee aan God se liefde.

Hoe moet ons as gemeentelede en gelowiges ons opdrag van God benader?

- "almal te besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys."
- "deur elkeen te besoek, sorg te dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie"

'n Kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 Mei 2017 tot 31 Julie 2017

**Liefdesgawes ontvang - R60,348.60**

**Spesiale bydrae ontvang – R25,000.00**

**Golfdag inkomste – R21,750.00**

**Hulp verleen - R69,283.70**

**Vaste uitgawes (deurlopende hulp) – R17,000.00**

**Tjek rekening saldo 30 April 2017 – R22,018.37**

Die Diakonie het in Julie 'n suksesvolle projek geloods om fondse te in deur 'n golfdag aan te bied te Amandelbult - ons bedank almal vir die hulp en ondersteuning wat ontvang is met hierdie projek.

Ten slotte - enige geldelike bydra tot die Diakonie se fondse gaan 'n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

ABSA Thabazimbi (334-346)
1580 280 001

## Het ek van God 'n afgod gemaak?

Ons hoor dikwels ons moet afsien van afgode. In die Bybelse tyd het ons duidelike beelde van wat afgode was. Vandag is daar vele lyste van wat ons as Suid-Afrikaners en wêreld wyd ons afgod gemaak het. Sport, bekendes, geld, ons kinders, seks, vriende, status, werk, oefening ens. Ek lees egter onlangs 'n stukkie van die Blog Skrywer Hendrik Burger. Ek haal die volgende aan:

"Die Here wys kort kort vir my dat ons moet ophou om afgode te dien. Ek kyk die heeltyd vas teen sport en politiek. Vanoggend besef ek dat ek die heeltyd die punt mis. "Die mens maak 'n afgod van God." Nou hoe so? Hoe kan ons dit doen? Ons maak in ons koppe 'n beeld van wat ons dink hoe God werk, ons kap vir ons 'n God uit in ons gedagtes sodat dit by ons idee kan inpas hoe God werk. Ons maak van God 'n afgod en dien hierdie afgod in stede daarvan om God te dien.

Dit is hoekom so baie Christene net kerkgangers geword het, dit is hoekom so baie mense vasklou aan al die godsdienstige tradisies van die verlede en hul voorouers. Dit is hoekom ons hoor dat my verhouding met die Here privaat is en ek praat nie daaroor nie.
As ons almal God dien soos HY wil hê dan gaan ons mos gemaklik met mekaar oor Hom kan praat, want dan doen ons soos Hy van ons vra. Dit is hoekom ons hoor dit is hoe ek geleer is deur my ouers, en hulle deur hulle ouers, dit is hoe ek glo, dit is wat ek glo en niemand gaan my anders bewys nie. Is jou siening van God, geleer by jou ouers en deur tradisie, wat God wil, of van 'n self gesnede idee van God.

***Is ons persepsie van God nie dalk ons afgod nie?"***

Daleen Venter



## HANTERING VAN GEMEENTELEDE WAT NIE 'N OUDERLING VIR HUISBESOEK WIL ONTVANG NIE

**1. Inleidend**.

Die rede waarom ons as Kerkraad (Ouderlinge) hierdie saak behandel het as deel van ons toerustingsgeleentheid was, omdat daar baie keer probleme is om huisbesoek by mense te probeer reël. Daar is verskeie pogings om huisbesoek te reël, maar die afsprake word nie nagekom nie of daar is net nooit tyd by lidmate om besoeke van die ouderling, predikant of diaken te ontvang nie. Daar is selfs lidmate wat die verskoning gebruik dat hulle nie huisbesoek nodig het nie. Die meeste kere egter vermy die lidmate die oproep van die ouderling, en moet daar op ander wyses deur die ouderling kontak gemaak word, bv deur sy vrou se foon te gebruik omdat sy nommer alreeds aan die lidmate bekend is. Na aanleiding hiervan is die volgende op die vergadering behandel en ook deur die Kerkraad goedgekeur.

**2. Opdrag aan ouderling**: (Vanuit die Formulier vir Bevestiging van Ouderlinge geneem)

2.1 'n Ouderling is iemand wat die diens van regering in die gemeente van Christus beoefen. Die ouderling regeer met die woord en versorg die gemeente. Paulus sê aan die ouderlinge van Efese (Hand. 20:28) Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van Sy eie Seun. 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God (Tit.1:7) Pas dus die kudde van God, wat aan julle toevertrou is, goed op. (1Pet 5:2)

2.2 Die opdrag van die ouderlinge is dus:

2.2.1. Toe te sien dat alles in die kerk behoorlik volgens goeie orde plaasvind. Om sorgvuldig op te let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle christene met raad en troos te ondersteun. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie met die vermaning en tug op te tree en die wat berou het weer in die gemeenskap van die kerk terug te ontvang.

2.2.2. Die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Christus te roep (Tim 2:25): Met vriendelikheid moet hy sy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring.

**3. Die opdrag aan die gemeente**:

3.1. Geliefde gemeente ontvang hierdie manne as dienaars van God. Stel julle gewillig onder hulle toesig en regering want hulle waak oor julle lewe en sal eendag daarvan rekenskap moet gee. (Bevestigings formulier vir ouderlinge)

3.2. Heb 13: 17 Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees onderdanig en gehoorsaam aan hulle want dan sal hulle, hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie, anders het dit geen nut nie.

**4. Praktiese hantering van die probleem:**

4.1 Lidmate wat dus weier om die ouderling te ontvang weier dus indirek om God aan huis te ontvang. Die lidmaat moet besef dat die ouderling eendag moet rekenskap gee oor sy (lidmaat) se leer en lewe en dat die kerklike tug (Art 76 & 77 kerkorde) die instrument is wat gebruik word as daar in leer en lewe onverskilligheid na vore kom en daarin volhard word.



4.2 Die volgende aanbevelings is deur die Kerkraad tydens die vergadering goedgekeur:

4.2.1 Indien alle pogings om die lidmate te kontak nie slaag nie moet daar alreeds begin word met optrede tydens die tweede verslag vergadering (onthou jy moet eendag rekenskap gee). Daar moet reeds aan die Kerkraad vermeld word dat dit baie moeilik is om kontak te maak met hierdie lidmaat en dat die lidmaat die ouderling probeer vermy. Daar kan teen die derde verslag vergadering reeds besluit geneem word oor die lidmaat en sy naam dan laat aanteken as vertrek sonder attestaat. Baie belangrik is dat elke saak op meriete oorweeg moet word. Nadat die Kerkraad die besluit oor die betrokke lidmaat of gesin geneem het, sal die persoon skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die Kerkraad.

4.2.2 Selfs lidmate wat gereeld besoeke toelaat en gereeld besoeke ontvang maar nie kerk bywoon nie, kan op dieselfde manier baie gouer hanteer word onder Artikel 76 & 77 van die kerkorde. Die proses van die tug moet op spoediger wyse hanteer word, sonder om dit af te jaag.

4.2.3 Lidmate moet bewus wees dat die ouderling rekenskap moet gee oor sy werk. Nie net tydens die vergadering nie, maar voor die Here. Hy is ‘n gesant van God, deur God na die lidmate gestuur om die Woord van die Here te bring in die huise van die kinders van God. Wanneer die stappe van die tug uitgeoefen word, word dit uit liefde gedoen om die lidmaat weer terug te bring in die gemeenskap van die kerk.

DIE VOORSITTER
KERKRAAD, DIAKONIE EN SUSTERS
GEREFORMEERDE KERK

Geagte Voorsitters

**TERUGVOER: BRAND- EN STORMSKADE BY KNYSNA EN OMGEWING**

Die bestuur van SDDS is heeltemal oorweldig deur die genade wat bewys is en nog steeds bewys word na die briewe wat op 8 Junie 2017 uitgestuur is.

Ds. Geo Knoetze van GK Eden het vir ons die volgende terugvoering gestuur oor die gebeure in Knysna en Plettenbergbaai:

**"DIT BRAND!**

Die vuur het niks en niemand ontsien nie: woonhuise, gastehuise, plaashuise, historiese geboue, hotelle, woonwaens, tente, werkswinkels, motors, plantasies, fynbos, weivelde, dierelewens en selfs ook menselewens… is een na die ander verswelg. Hele woonbuurtes is gereduseer tot as en sinkplaat. Op 'n ander plek lyk dit of die vuur kieskeurig was – hier 'n huis uitgebrand, daar twee langs mekaar, dan weer 'n enkele een, dan 'n hele ry, 'n ongeskonde houthuis, net daar langsaan 'n afgebrande baksteenhuis. Dit lyk soos 'n slagveld… 'n maanlandskap. Een gesin het skade aan hulle eiendom, 'n ander het letterlik alles verloor: huis, werkswinkel… 'n heenkome. Statistieke is moeilik bekombaar. Mense registreer nog, maar daar is talle wat alles verloor het. Knysna, Plettenbergbaai – twee henne met kuikens wat in die slag gebly het!

En dan die wonder! Terwyl ontredderde mense in kerksale, by familie, vriende of vreemdes gehuisves word, begin harte en hande en beursies oopgaan. Kos, bottels water, klere, komberse en ander basies goedere



begin instroom na versamelpunte van kerke, munisipaliteite en ander diensorganisasies. Mense werk saam oor kleurgrense, taalgrense en kerkgrense om te sorteer, te groepeer, te assesseer en te distribueer. Ook geld begin instroom.

Dit brand! Nie met die verwoestende vlamme van weghol brande nie, maar in die harte van die gemeenskappe van Knysna en Plettenbergbaai. Dit brand met die liefde van ons Here, Jesus Christus!

GKSA Eden se belewenis is ook nie anders nie. Die SDDS was gou om te reageer. Nog voordat die vure behoorlik geblus was, het hulle GKSA Eden in staat gestel om oor 'n noodfonds te beskik waaruit hulp verleen kon word – 'n noodfonds wat algaande gegroei het danksy skenkings van talle gemeentes binne kerkverband. Telefoonoproepe van meelewing is ontvang van predikante en voorsitters van diakonieë tot so ver as Nelspruit, Lephalale (Magol) en Windhoek. Kos, klere, komberse, beddegoed en ander basies lewensnoodsaaklikhede het begin opdaag – versamel en afgelewer deur nabygeleë en nie so nabygeleë diakonieë. Dis byna ongelooflik watter reaksie daar was en steeds is. Woorde soos "Die liefde van Christus dring ons… " (2 Kor 5:14) en "Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan." (Gal. 5:6) het werklik gestalte gekry. Ja, ook die GKSA brand met die liefde van ons Here Jesus Christus!

Wat het GKSA Eden tot dusver gedoen? In die eerste paar dae het van ons susters sop voorsien aan dienssentrums. Afgesien van die pastorale versorging, het ons ook blikkies kos, komberse, melk en vars produkte (veral vrugte) in groot maat aangekoop en in samewerking met die NG Kerk, die munisipaliteit se Joint Operation Centre, en Solidariteit se Helpende Hand versprei. Dit het in die onmiddellike behoefte van mense help voorsien.
Op die oomblik poog ons om in samewerking met Helpende Hand (die bestuurder is ook 'n maatskaplike werker) konstante voedsel-voorsiening te waarborg tot tyd en wyl mense hulleself weer kan versorg. Ons help

met watervoorsiening waar boorgatpompe en waterpype uitgebrand het. Ons is besig met ‘n projek om entrepreneurs wat hulle werkswinkels of gereedskap deur die brand verloor het, te help om aan die gang te kom ten einde weer ‘n inkomste te kan genereer. Huisvesting is gereël indien so ‘n behoefte sou opduik. Ons het ook die vervoerkoste van een van die vragte veevoer wat van Bloemfontein af gekom het, geborg. Die nood wat deur die heersende droogte veroorsaak is, is deur die afbrand van weivelde verhoog.

Ondervinding het egter geleer dat soos wat die tyd aanstap, hulp aan sorgbehoewende mense afneem. Daardie gesinne wat alles verloor het en nie oor versekering beskik het nie (en daar is heelwat) sal een of ander tyd hulle tydelike huisvesting moet verlaat en ander blyplek kry – wat hulle nie sal kan meubileer nie, nie eers met die mees basies dinge soos beddens, ‘n tafel met stoele, of ‘n yskas nie. GKSA Eden onderneem om ook op die lang termyn steeds betrokke te bly en uit te reik met Jesus se liefde.

Baie dankie aan al die lidmate, gemeentes en die SDDS van die GKSA vir fisiese- en finansiële bystand, woorde van bemoediging en voorbidding. Dankie dat julle net weer bewys dat daar aan die liefde van die Here geen grense is nie. Dit is wonderlik om só omring te word met broers en suster in die Here Jesus Christus.

SOLI DEO GLORIA!”

U broeders in Christus

Hannes Vorster

Skakeldeputaat

22 Junie 2017



**VERKLARING OOR UITSPRAAK IN GODSDIENS-IN-SKOLE HOFSAAK**

Die Tussenkerklike Raad is dankbaar oor die uitspraak wat regter Van der Linde gelewer het oor die hofaansoek teen godsdiens in openbare skole. Na wat ons verneem is slegs twee van 77 aansoeke van die klaers toegestaan. (Dat openbare skole hulle nie mag bemark as 'n skool met 'n spesifieke godsdienstige inslag nie en dat daar nie teen leerders van minderheidsgodsdiensgroepe gediskrimineer mag word nie).

Die belangrike van die uitspraak is dat die hof die plek van godsdiens in die openbare lewe, spesifiek openbare skole, erken het. Dit bevestig weereens die standpunt wat die TKR nog altyd handhaaf, naamlik dat die Suid-Afrikaanse grondwet nie 'n sekulêre grondwet is nie, maar een wat pluraliteit sonder diskriminasie erken.

Ons is veral verheug daaroor dat die uitspraak duidelik die aansoek dat leerinhoud sonder enige godsdienstige begronding aangebied moet word, afgewys het. Ons mag inderdaad in die skole 'n wêreldbeskouing handhaaf wat hierdie wêreld nie sien as 'n toevalligheid nie, maar as God se wêreld. Ons mag en moet die geheime van die wetenskap en die fisika en die fisiologie sien as 'n klein, klein kykie in die handewerk van die grote en ewige God.

Die hof se beslissing impliseer duidelik dat sogenaamde neutraliteit nie werklik neutraal is nie, maar 'n keuse vir 'n sekulêre, God-lose opsie. Christus se woorde in Mattheus 12: Wie nie vir My is nie, is teen My, is inderdaad hier van toepassing.

Die TKR wil in die lig van die uitspraak twee appélle tot ons lidmate rig.

· Die eerste is dat ons altyd sal onthou dat godsdiensonderrig van ons kinders primêr die taak van die ouer is, en dat die skool se bevoegdheid inderdaad gedelegeerde ouerbevoegdheid is.


· Ten tweede moet hierdie uitspraak, te midde van die vloed van negatiewe dinge wat in ons land gebeur in terme van staatskaping en korrupsie en misdaad, ons oë ook open vir die seëninge wat ons nog uit die hand van die Here in hierdie land ontvang, nie die minste nie dat ons Hom met vryheid mag dien en aanbid, selfs in die openbaar. Ons mag die negatiewe dinge nie miskyk nie, maar ons mag ook nie daarteen vaskyk nie.

Ds Cassie Aucamp Voorsitter: Deputate Ekumenies GKSA 28 Junie 2017

# Gereformeerde Kerk Ysterberg

Die gemeentelede van die Gereformeerde Kerk Ysterberg in Regorogile werk hard aan die oprigting van die struktuur wat as hul vergaderplek moet dien. Die doel is om ‘n veilige plek te voorsien waar daar vergader en eredienste gehou kan word sonder die blootstelling aan die natuur elemente en die afleiding van bure en verbygangers.

As ‘n eerste fase het ons gemeente die lidmate van Ysterberg bygestaan met die verkryging van ‘n erf, opstel en goedkeur van planne, bou van ‘n platvorm en die oprigting van ‘n staalstruktuur en dak. Hierdie is gefinansier deur fondse wat beskikbaar was in ons Sending rekening asook deur skenkings van lidmate en instansies.




***PLAN VAN DIE GEBOU***



Die tweede fase het behels die gooi van die betonvloer van die struktuur. Hierdie fase is gefinansier deur die lidmate van GK Ysterberg (± R 24 000.00). Die fondse is verkry deur bydraes van hulle lidmate en verkopings wat deur die suster van die hulle gemeente behartig is. Na die voltooiing hiervan is die oorblywende fondse gebruik om bakstene aan te koop.

Die GK Ysterberg het ‘n skenking uit Kanada ontvang (± R 43 000.00 gereël deur die Scheepers familie) wat hulle instaat gestel het om te begin met fase 3 nl : Die toebou van die struktuur . Verskillende opsies is oorweeg en na verskeie vergaderings is besluit om eers net die buitenste mure te bou. Die mure sal in maxi stene gebou word 3 meter hoog , die oorblywende 1 meter asook die geuwels sal met sink bedek word. Nadat goedkeuring van die gemeente verkry is, is die nodige kwotasie aangevra, materiaal bestel, kontrakteurs aangestel en in Mei maand is met bouwerk begin. Bouwerk het fluks gevorder en teen einde Julie was die steenwerk voltooi, alles onder die wakende oog van die boukommissie.



*Voor aansig*



*Agter aansig*



*Binne aansig*



*Sy aansig*

Tans is die boufonds uitgeput en is konstruksie gestaak. Om die gebou bruikbaar en veilig te maak moet die sinkbekleding en glas geinstalleer word, hiervoor benodig GK Ysterberg ± R 50 000.00. Hulle is besig om fondse bymekaar te maak deur bydraes, projekte en skenkings , maar dit is 'n tydsame proses. Lidmate van die GK Thabazimbi wat graag 'n bydrae tot die boufonds wil maak kan dit by ons kerkkantoor afgee of direk in boufonds bankrekening in betaal:

Nedbank Club account

Naam: Gereformeerde Kerk

Takkode: 101224


Rek no: 2010750845

Tjaart Coetzee



## *Reseptehoekie* - Erica Erasmus








## Het jy geweet? - Visitasie

**Wat beteken die woord visitasie?**

- Visitasie kom van die Latynse woord “visito” wat beteken” “dikwels sien”, “besoek” (vergelyk die Engelse woord “visit”).
- Soos lidmate huisbesoek ontvang, ontvang die gemeente nou “huisbesoek.”

**Doel van visitasie**

- Die doel van visitasie is, breed gestel, dat kerke in Klassisverband op mekaar sal ag gee en mekaar sal bystaan sodat hulle, deur getroue ampsbediening, steeds meer sal beantwoord aan die merktekens van die ware kerk volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofbelydenis.

**Wie is die visitatore?**

- Visitatore is niks anders nie as deputate van die Klassis *met ‘’n spesifieke (breë) opdrag.*
- Artikel 44 van die Kerkorde lees: “Die Klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem...”

**Afkondiging van visitasie**

- Afkondiging van visitasie moet herhaaldelik en duidelik aan die gemeente afgekondig word.
- Die doel hiervan is sodat nie slegs die kerkraad nie, maar ook die lidmate op hoogte kan kom van die komende visitasie en kan op grond van hierdie afkondigings betyds reëlings in hierdie verband met die kerkraad tref.

**Wat gebeur tydens die visitasie?**

Die spesifieke opdrag word breedweg in KO art 44 aan visitatore gegee:

- vasstel of ampsdraers hul ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die kerkorde in alles onderhou en die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder;
- nalatiges betyds broederlik vermaan;
- met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

**Wat gebeur tydens die visitasie?**

Kerke het saam met mekaar (in Sinode) besluit dat die visitatore ook aan die volgende aandag moet gee:

- Kerk se finansies en finansiële state.
- Kerke se ramings en oorbetalings daarvan.
- Verpligte kollektes en die oorbetaling daarvan.
- Dankoffers in en deur die gemeente.
- Versorging van die gemeente se predikant/e & finansiële voorsiening by emeritering.

**(Handelinge Sinode 2009:274, pt 1.2.19; 344, pt 4.2.4)** **Admin Buro**